## 4 Maart Maleagi 1:1-5

### *Die Here het ons lief*

Dit is 450 v.C. in Jerusalem. Tagtig jaar tevore het die volk uit ballingskap teruggekeer en sowat vyftig jaar tevore is die tempel herbou. Die Jode was nog onder Persiese heerskappy, maar dit het goed gegaan. Daar was nie oorloë of rampe nie. Hulle kon rustig met hulle daaglikse lewe voortgegaan. Dit het in der waarheid met die volk goed gegaan... dalk net te goed, want die volk het voeling met die HERE verloor. Ons lewe ook reeds vir dekades lank rustig. Waarskynlik kan ons kla oor misdaad, hoë belastings en 'n swak ekonomie, maar oor die algemeen gaan dit goed... dalk te goed, want het ons nie ook, net soos die Jode destyds, reeds voeling met die HERE verloor nie? Het ons gedagtes nie tot 'n baie groot mate van ons skat in die hemel weggedwaal na persoonlike voordeel toe nie? Is ons godsdiens nie maar net 'n formaliteit nie? Wat is die Here se houding? Nieteenstaande hulle onverskilligheid sê Hy: "Ek het julle lief'. Die volk sien dit egter nie raak nie. Hulle vra: "Hoe het U ons lief?" Dan wys Hy hulle op sy genadige uitverkiesing. Jakob teenoor Esau (vgl. ook Rom. 9). God bewys sy liefde. Vir ons het Hy sy liefde in Christus bewys. In Ef. 1:4 sê Paulus dat Hy ons "in Christus uitverkies het om heilig en onberispelik voor Hom te wees". As ons wegdwaal of onverskillig raak, verander dit nie die feit van ons kindskap nie. Al is ons ontrou, God bly getrou. Hy het ons lief. Dit laat 'n mens skaam kry - of hoe?

Sing: Skrifberyming 24:1, 7 Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)